# PETERJASIE

## 'N WOORD EN BEELD

Vir 'n geruime tyd nou dink ek aan 'n manier om van my stories en ook my fotos in een plek te kry, hierdie is die resultaat. Hoop jy geniet dit!

Peter Thomas
www.peterjasie.co.za
peter@peterjasie.co.za

---

Behalwe "Die Kersgeskenk" is al die stories ware gebeurtenisse. Die fotos het ek almal self geneem.

Versoek: Ek stuur hierdie dokument uit na my poslys, hopelik sal dit op die internet versprei word. As jy dit ontvang en dit geniet, stuur dit ook aan jou poslys uit. Doen my asseblief 'n guns en stuur vir my 'n kort epos en laat my weet waar in die wêreld jy is, sou graag wou sien waar hierdie dokument rondswerf! peter@peterjasie.co.za

Geniet die Afrikaans asook die fotos!

---

Buffel Paai

Was jy al ooit so lus vir iets dat jy teen die mure wil uitklim? Nee, niks met seks te doene nie, ek bedoel KOS!

Die vier van ons was in die Kruger Nasionale Park oppad Shingwedzi toe waar ons sou oornag. Doom Piet en sy vrou, Marlene was agter en ek en Doreen het voor gesit.

Ons het so teen 40 km/h aangekarring en uitgekyk vir wild toe Doom Piet ewe skielik sê: "Laas keer toe ons in Shingwedzi was, het hulle die lekkerste buffelsvleis paais by die kafeteria verkoop"

Dis stil in die kar. Elkeen van ons sien in sy verbeelding 'n groot bord met 'n paai daarop, 'n buffelsvleis paai, maak dit sommer twee paais.

"Met tjips," voeg Marlene by. Die vier verbeeldingsborde kry elkeen 'n porsie tjips by. Ons monde water, die naald kruip ongemerk op na 60 km/h.

"Jy ry te vinnig," maan Doreen. Ek lig my voet effens van die pedaal, maar in 'n minuut of so is dit alweer op 60. Ek is haastig om by Shingwedzi te kom.

"Met 'n lekerrrr sous oor die paais." las Doreen by. Ons verbeeldingborde lyk nou al watertandlekker.

"Met tamatiesous vir die tjips" las ek ook by. Nou lyk die verbeeldingsborde rêrig lekker. Dis weer stil in die kasr soos ons ons verbeeldings vrye teuels gee.

"Olifant!" skreeu Doreen as sy eerste die reuse dier reg by die pad sien. "Bogger die olifant" mompel ek. "Daars nog baie van hulle" Ek ek ry voort Shingwedzi toe. Daar is prioriteite!

Kort kort kruip die naald 60 toe, ek moet my net inhou om nie vinniger te ry nie. Die spoedgrens is 50 en as ons 60 ry is ons seker nog veilig? Wat van 70?

Toe ons by Shingwedzi se hek inry gor ons mae al, klink soos 'n trop leeus in die kar. Ons pyl reguit op die kafeteria af en kry vir ons 'n tafel wat oor die rivierbedding uitkyk. AS jy buffelvleispaai eet het jy nos 'n UITSIG nodig.

Die kelnerin is nog nie eers behoorlik by ons tafel nie of Doom Piet begin:

"Twee buffelpaais vir elk van ons asseblief"

"Met lekkerrrr sous daaroor" las Marlene by

"Met tjips," las Doreen by

"Onthou die tamatiesous vir die tjips" las ek my deel ook by.

Niks lekkerder as buffelpaais met sous, porsie tjips met tamatiesous in Kruger nie. Enige ander plek sou dit nie dieselfde geproe het nie!

Ek hoop almal wat nou die lees is lekker lus vir paais met sous en tjips met tamatiesous!

Lekker smul!!! Ons het!!

---





---

Die blou plêstiek pêntie

Ek was onlangs per geleentheid twee keer in die hospitaal, een keer om 'n gewas aan my bo arm uit te laat sny en die tweede keer vir 'n angiogram.

Met die eerste prosedure meld ek aan by ontvangs en hulle stuur my na 'n saal toe waar 'n bed toegeken word. Toe moes ek al lont ruik, hoekom 'n bed vir so 'n klein prosesedure?

In alle geval, die verpleegster trek die gordyn om die bed en wys na 'n hopie op die bed.

"Trek uit en trek aan " Beveel sy taamlik streng. "Die jurk kom agterstevoor en maak agter vas."

Ek bekyk die hopie op die bed. Daar is die jurk, en bo op is 'n blou stukkie materiaal. Ek tel die stukkie blou materiaal op en vou dit oop en voel ek word koud. Dis dan 'n pênty! Ek dra nie 'n donnerse pênty nie, nog nooit gesien nie!

"Nurse" roep ek van agter die gordyn. Sy steek haar kop tusen die gordyne deur, sy is groot en swart, lyk soos die eerste van Zuma se agt vrouens, baie bedonnerd. Haar skof is amper klaar en sy wil huistoe gaan.

"Ek is hier vir my arm, hoekom moet ek die ding aantrek?"

"Dis prosedure, trek uit en trek aan!" en die kwaai gesig verdwyn.

Moedeloos bekyk ek die affêre. Dis blou en dis plêstiek, om die bene en middel is rek. Ek soek na 'n etiket om te bepaal waar is voor en waar is agter. Geen etiket nie, ek is nie verbaas nie, geen ontwerper sal waag om sy etiket op so iets te sit nie. Die ding is dus "all side, same side". Ek rek die middel oop en dit rek vir

ewig, dis dus “one size fits all” ook! Dit sal vir Hilda van 7de Laan asook vir Saartjie Baartman pas!

Ek besluit om saam te speel en trek die ding aan. Vinnig volg die jurk sodat niemand kan sien wat ek onder aan het nie.

Na die prosedure kan ek dadelik huistoe gaan. Ek raak so vinnig moontlik van die blou ding ontslae en hy beland in die snippermandjie. Dankie tog niemand het my gesien nie!


Twee weke later is ek weer terug hierdie keer vir ‘n angiogram. Selfde prosedure: “Trek uit en trek aan” en daar lê die hopie op die bed. Die keer gaan hulle by my lies werk, so die pêntie maak meer sin. Ek wonder net hoekon dit plêstiek is, gaan hulle my so seer maak dat hulle bang is ek maak die bed nat?

Ek trek jurk en pêntie aan en word teater toe gestoot. Hulle begin werk en kom agter dat die pêntie in die pad is. Geen probleem, ‘n skêr kom te voorskyn en ek ys. (Dis lokale verdowing en ek maak mee wat aangaan) Ek hoop net hulle werk baie versigtig met die skêr in daardie senstiewe area. Dis egter die pêntie wat dit ontgeld, deftig word hy weerskante van my heupe losgesny sodat die voorste en agterste gedeeltes los van mekaar is. Die voorste deel word nou saamgevat en met pleister teen my maag vasgeplak, ‘n soort van “reverse g-string” effek. So die ding is nogal veeldoelig ook! Ek hoop net alles wat moet toe, is toe.

Terug in die saal raak ek van die nou versnipperde pêntie ontslae en trek my eie onderklere aan.

Genoeg is nou maar eenmaal genoeg!

---





---

Die Huisman

Dis darem maar onwerklik hoe omstandighede in 'n ommesientjie kan verander. Mens geniet die lewe maar dan ewe skielik gebeur die onverwagte..

Ons is nog vroeg in Desember oppad na ons gemeente Kers ete toe vroulief in 'n onderonsie met die bure se hond verkeer. Die brak gryp haar aan die been, sy skree en slaan hard neer. Die bloed vloei en ons jaag ongevalle toe, die Kers ete skoon vergete. Volgende jaar sal daar tog weer een wees.

By die hospitaal verneem ons dat vroulief met die val haar bekken op twee plekke gebreek het. Sy gaan haar vir tien tot twaalf weke haar baie stil moet gedra.

Na drie dae se pamperlang in die hospitaal is sy toe weer tuis.

Ons maak haar gemaklik in die slaapkamer, sy kan wanneer nodig met 'n loopraam tot by die badkamer aansukkel, dis darem al iets om voor dankbaar te wees.

Meisiekinta, Lorraine, werk gedurende die week en ry al vroeg en kom eers laat weer tuis. Dit is dus op my aangewese om huisdiens te verrig en die rol van huisman oor te neem.

Eerste op die lys is aandete, vroulief maak dit maklik vir my, bevrore vis en kapokaartappels. Ek het 'n paar jaar gelede toe ek aangesterk het na 'n hartomleiding geleer om te kook, maar net die die maklike goed. Ek kan nou getuig dat kook nie soos fietsry is nie, mens kan die kuns afleer.

Ek word dus stap vir stap verduidelik om kapokaartappels te maak. Die bevrore vis is heel maklik, haal uit vrieskas, sit 20 minute voor etenstyd in riffelpan op die stoof, sit die plaat aan en hou versigtig dop dat dit nie brand nie, en siedaar. Ek skil die aartappels, plaas in pot, sit water en bietjie sout by en laat kook.

Ek is verheug dat ek nou die kitaar slaan in die kombuis, ons sal dus vir die komende weke nie ertjies eet

nie. My blydskap is kortstondig toe ek aangesê word om die bevrore ertjies uit die vrieskas te haal. Die eerste aandete was toe darem eetbaar, die vis het nie verbrand nie.

Die volgende oggend begin ons nuwe roetine, die een wat vir die volgende 11 weke van krag gaan wees.

Terwyl vroulief in die badkamer is, maak ek gou die bed op, vol glas water reggesit op die bedkassie. Teen die tyd wat sy klaar is in die badkamer is haar ontbyt al reg in 'n skinkbord op die bed. Ek maak vir my ontbyt en gaan sit daar by haar en eet. Na ontbyt vat ek die skottelgoed kombuis toe, was, droog af en pak weg en sorg dat die kombuis aan die kant is. Is dit nou puik diens, of wat.

Dan vat ek die skootrekenaar vir vroulief, prop dit in sodat sy rekenaarspeletjies kan speel. Ek maak seker dat sy nog genoeg biblioteekboeke het om haar mee besig te hou.

So ja, nou kan ek met my eie dinge aangaan.

Ek is net besig op my eie rekenaar toe die selfoon lui, voor ek kon antwoord is die oproep afgesny. Dit maak my altyd die josie in as iemand bel en as ek wil antwoord is hulle nie meer daar nie! Ek sien op die foon dat dit vroulief is wat gebel het. Toe ek in die kamer kom verduidelik sy dat dit die enigste manier is wat sy my aandag kan trek.Vroulike logika! Ek sien al dat daar oor die volgende tydjie 'n hele paar ongeantwoorde oproepe gaan wees. Ek het op 'n stadium dit oorweeg om 'n klokkie te gaan koop.

Later die oggend word ek meegedeel dat ek sal moet gaan inkopies doen om ons kruideniersware aan te vul. My moed sak in my skoene, niemand het vir my vertel dat ek sou moes winkel toe gaan en inkopies doen nie. My totale betrokkenheid as ons inkopies doen is om saam te drentel en lekkernye te probeer inglip tussen die ander kruideniersware. Nou moet ek self die trollie stoot en self die goed soek!

By die supermark aangekom vat ek 'n trollie, haal die lysie uit en begin soek. Ek voel skoon selfbewus om daar tussen die huisvrouens te maak of ek weet wat ek doen. Na 'n halfuur en nadat ek al die gangetjies ten minste drie maal deurgeloop het, is daar darem al drie items afgemerk.

Ek bekyk weer die lysie, ek besef dat as ek van bo af begin en met die lys afwerk, dit veel makliker sal gaan. Vroulief ken die winkel al so goed dat al die items in die regte volgorde is, begin by een punt en as jy by die ander punt uitkom het jy alles afgemerk! Voor ek by die betaalpunt kom, sit ek sommer 'n tjoklit vir haar in! Een vir my ook!

Na ontbyt die volgende oggend word ek meegedeel dat dit wasdag is en dat die wasgoed gewas moet word. Ek staar vroulief oopmond aan. Daardie wasmasjien het meer knoppies en wieletjies as wat daar in 'n moderne vliegtuid se kajuit is. Sorgvuldig word daar vir my stap vir stap neergeskryf wat ek moet doen, wat ek moet draai en wat ek moet druk. Ek sit die wasgoed en die seeppoeier in en baie huiwerig druk ek die "Wash" knoppie en staan vinnig terug. Die ding begin bewe en raas en ek begin dink dis die einde van ons duur wasmasjien. Dan hoor ek water inloop en die ding begin werk en ek slaak 'n sug van verligting. Na 45 minute word hy stil en dis tyd om die wasgoed te gaan ophang. En dis nie so maklik soos dit klink nie, volgens vroulief word sekere goed op 'n sekere manier opgehang, anders kreukel dit op die lyn. Ek leer nou elke dag iets nuuts, baie opwindend! Dankie tog dat Lizzie tweekeer per week inkom om te stryk en huis skoon te maak. Stryk sou ek definitief nie sou kon hanteer nie.

Ek moes ook sodra sy haar biblioteekboeke klaar gelees het ander boeke gaan uitneem. Ek lees mos nie soetsappige liefdesverhale nie, hoe moet ek nou boeke uitsoek! Toe ek die eerste keer tuiskom het sy vier van die agt boeke al gelees, hoe moes ek nou weet! Die woord "jammer" word nou al afgesaag!

En so gaan die dae en weke verby. Na so agt weke is die loopraam verruil vir krukke en sy kon nou darem al in die huis rondbeweeg.

Verlede Sondag het sy vir die eerste keer in elf weke kerk toe gegaan, en dit sonder krukke! Groot feesviering! Ons was so lanklaas by die kerk dat ons amper as nuwe gemeentelede moes inskryf!

En ek tree 'n baie beter mens uit die ondervinding, ek het nou Job se geduld, ek kan op my eie inkopies doen, ek kan die wasmasjien aan die gang kry, ek kan 'n eetbare maaltyd voorsit-ertjies en al-en na 79 keer se bed opmaak dink ek dat ek dit ook nou kan doen. Ek haat dit nog steeds, maar ek kan dit doen!

Ek kan ook met eerste oogopslag goed in die spens, vrieskas en yskas kry.

Ek is verheug dat dinge nou terug na normaal, my huisman dae is verby en ek kan my kierieverlof geniet! Nou kan ons weer gaan rondry en vakansie hou, Wildtuin, hier kom ons!

---






---

Die Jagluiperd

Elke nou en dan haak vroulief, Doreen, uit. Ek weet nie of uithaak die regte terminologie is nie, maar as uithaak beteken dat sy iets buitengewoons aanvang, dan is uithaak die regte woord.

'n Voorbeeld van so 'n uithaak was toe ons, ek en sy en haar suster en haar man, destyds Sun City toe was om David Essex te gaan sien.

Nou David Essex doen niks vir my nie, maar daar was Doreen en haar (ouer) suster reg voor die verhoog tussen die Teeny Boppers aan't gil vir David Essex.

Ek en my swaer het maar afgesak in ons stoele gesit en gemaak of ons hulle nie ken nie.

Die uithaak waarvan ek nou wil vertel het in die Kruger Wildtuin plaasgevind. Ons dogter, Lorraine, het sopas haar bestuurslisensie gekry en sy het die eer gehad om in die wildtuin te bestuur. After all, mens kan tog nie veel skade teen maksimum 50km/h veroorsaak nie?

As daar een dier is wat Doreen totaal en al laat uithaak, dan is dit 'n jagluiperd. Ek bedoel totaal.

En dit gebeur toe so dat ons op 'n lang reguit stuk grondpad ry, hy maak so 'n lekker dippie en klim dan 'n hoogtetjie uit. Doer op die horison beweeg iets oor die pad.

"Jagluiperd!" skree Doreen en ons wip soos ons skrik vir die skielike lawaai hier by ons in die kar. Mens kruie mos so droom-droom aan in die Wildtuin en verwag nie so 'n luide kreet hier by jou nie.

"RY!" skree sy Lorraine toe en dié sukkel om in 'n ander rat te kom sodat sy kan versnel.

Net toe sy haar Schumacher posisie agter die stuur inneem verskyn daar 'n trop tarentale voor ons in die pad en hulle beweeg so draf-draf vooruit, so 'n Sondagmiddagtarentaaldraffie.

Die jagluiperd doer voor in die pad het teen die tyd al in die gras verdwyn en Doreen freak uit.

"As ek sê RY dan RY jy!" skree sy vir Lorraine.

"Maar ek KAN nie, daar is tarentale voor my" en die tarentale beweeg op 'n tarentaaldrafstappie reg voor ons in die pad.

"Trap die blêrrie goed" kom dit weer van Doreen, die ouderling af. Ons besef dat as sy sulke tale begin gebruik is dit ernstige sake! Lorraine gee stadig vet maar die tarentale versnel ook maar bly voor ons in die pad.


"Dis die laaste keer wat jy hier bestuur" Doreen is nou goed boos.

Ek kon amper nie meer die tarentale hier voor die kar sien nie so naby was ons aan hulle. Een tarentaal besluit toe dat hy genoeg oefening vir die dag gehad het en draai af van die pad in die gras in en die res volg hom.

Toe ons by die plek kom waar ons dink die jagluiperd oor die pad geloop het, is daar niks te sien nie. Hy is lankal weg in die lang gras.

Die res van die pad kamp toe was in stilte, een ding wat ek geleer het is dat jy nie probeer slimpraatjies met twee dikbek vroumense maak nie!

---





---

Die Kersgeskenk

Dis die dag voor Kersfees.

Ek en my wederhelf is oppad na die plaaslike ouetehuis. Sedert my pa, wat 'n inwoner daar was en presies drie jaar gelede oorlede is, neem ons elke jaar Kersgeskies vir die inwoners.

Ons hou stil voor die gebou en elkeen haal 'n groot sak vol geskenke uit die kattebak. Binne gekom, stap sy na die vroue vleuel en ek loop die blinkgepoleerde gang af na die mansafdeling.

By elke kamer gaan ek in en gee 'n geskenkie af. Die inwoners is uitgehonger vir geselskap en dis eers laatoggend toe ek by die laaste kamer instap. Oom Nathan se kamer.

Oom Nathan en my pa was vriende en ek kuier altyd lekker by hom.

Sy oë blink toe ek sy pakkie oorhandig.

"Ek hoop dis tjoklits," sê hy terwyl hy dit vinnig in die laai van sy bedkassie wegbêre. Die ander inwoners mag nie weet dat hy tjoklits het nie.

Ek sit nog 'n rukkie by hom en gesels. Eers gesels ons oor my pa en dan is hy weer

op sy gunsteling onderwerp, sy wedervaringe gedurende die Tweede Wêreldoorlog toe hy in Noord Afrika diens gedoen het. Dan vertel hy weereens van sy verloofde, Beth, wat hom vir 'n ander man gelos het terwyl hy in Noord Afrika was. Hulle het albei in Londen gewoon en het 'n maand voor die oorlog uitgebreek het, verloof geraak. Sy was 'n winkelassistent en hy 'n soldaat in die Britse weermag.

Kort daarna is hy egter opgeroep vir diens. Soos alle verliefdes, het hulle ewige trou aan mekaar gesweer. In die begin was daar gereeld briewe, maar toe tref 'n ramp hom. Sy tenk word deur 'n mortier getref en hy is met ernstige beserings afgevoer na 'n veldhospitaal toe, daarna na 'n plaaslike hospitaal waar hy vir meer as drie maande aangesterk het. Namate sy gesondheid verbeter het, het hy begin navraag doen oor enige pos van Beth, altyd was die antwoord dieselfde, geen pos nie. Briewe wat hy geskryf het was nooit beantwoord nie.

Hy het toe maar aanvaar dat sy liewe Beth moed opgegee het nadat sy vir so lank nie van hom gehoor het nie.

Hy is later ontslaan en in Londen aangekom, was hy geskok om te sien dat die buurt waar Beth gewoon het verpletter was deur die Duitsers se bomaanvalle. Ook die winkel waar sy werksaam was, is heeltemal vernietig. Na maande se vrugtelose gesoek het hy aanvaar dat Beth moes omgekom het in die aanvalle wat Londen nag na nag geteister het. Kort daarnan het hy verhuis Suid Afrika toe om 'n nuwe lewe te begin.

Ons kuier lekker vir nog 'n uur of so toe my vrou saggies aan die deur klop en aandui dat ons moet aanstaltes maak.

Oppad huis toe gaan die gesprek oor die spesifieke twee oumensies, Tannie Liz en Oom Nathan. Ons stem saam dat dit so tragies is dat die oorlog soveel mooi verhoudings tot niet laat gaan het. Ek vra uit oor Tannie Liz se omstandighede. My vrou vertel dat sy in Londen woonagtig was en pas verloof geraak het toe die oorlog uitbreek en haar verloofde, Jonathan weg is Noord Afrika toe. Hulle het aanvanklik gereeld aan mekaar geskryf maar toe word haar briewe nie meer beantwoord nie. Haar familie is gedurende die bomaanvalle op Londen oorlede en sy het toe maar besluit om Suid Afrika toe te verhuis.

Ek voel hoe kry ek hoendervleis en gaan parkeer in die eerste en beste parkeerplek.

"En nou?," vra my vrou, "is daar iets verkeerd?"

"Ek weet nie, maar sê nou net…." prewel ek.

"Hoe bedoel jy nou?" vra sy so half opgewonde, sy kan sien dat iets my geweldig pla.

"Tant Liz en Oom Nathan, kan jy dit nie sien nie? Dink jy dit kan moontlik wees?" ek is nou heel opgewonde, oortuig dat ek iets hier beet het.

"Hoe bedoel jy nou?" sy snap nog nie wat ek probeer sê nie.

"Dink net, Jonathan en Nathan, Beth en Liz, verloof, oorlog," rammel ek my gedagtes af.

Sy staar my met groot oë aan, "Dis ongelooflik, maar ek dink jy kan reg wees, draai om, ons moet gaan seker maak."

By die ouetehuis aangekom is ek dadelik na Oom Nathan toe en my vrou na Tannie Liz se kamer.

Ons plan is om soveel moontlik van die twee se verloofdes uit te vind en dan ons bevindinge te vergelyk. 'n Halfuur later is ons in die sitkamer met ons "bewyse".

"Ek dink ons is reg," my vrou is nou heel opgewonde, "Tannie Liz het haar verloofde Jonathan genoem!"

"En Oom Nathan het sy verloofde Beth genoem!" ek kan my opgewondenheid nie beteuel nie.

"En hier is die finale bewys," kom dit triomfantelik van my vrou, "Liz het vir my 'n foto van Jonathan gegee."

Met bewende hande vat ek die foto by haar, die foto van 'n jong soldaat, onmiskenbaar Oom Nathan.

Ons kyk mekaar aan, "Weet jy wat dit beteken?"

Ek voel skoon aangedaan en die trane loop by my vrou se wange af.

Sonder om verder te praat drafstap ons in die gang af na Oom Nathan se kamer.

"My maggies, is jy alweer hier, ou seun?" glimlag hy ons toe.

"Ja, Oom, kom saam, ek wil Oom aan iemand gaan voorstel," Ek help hom uit sy gemakstoel uit.

Stadig beweeg ons in die gang af na die aangrensende vleuel van die tehuis.

Ons sien Tannie Liz in die sitkamer in die sonnetjie op 'n rusbank sit. Daar heers 'n Kersatmosfeer. Die vertrek is versier met dle allermooiste versiersels met 'n groot Kersboom met liggies wat flikker in die een hoek. 'n Groep dames is besig om 'n groot tafel te dek en 'n paar van die mans hang versiersels aan die mure.

Ons stap na haar toe. Sy kyk vraend op van haar hekelwerk.

"Kan ek Tannie aan iemand voorstel?"

"Graag, my kind," sê sy, "en wie is die meneer?" Sy kyk vir Oom Nathan vraend aan.

Dan verstar sy, dit lyk of sy 'n spook gesien het.

"Jonathan?" kom dit huiwerig van haar.

"Beth?" antwoord hy, die ongeloof duidelik in sy stem.

Huiwerig gaan sit hy langs haar. Met 'n bewerige hand streel hy oor haar wang en neem haar dan in sy arms. Sy snik saggies.

My wederhelf pluk aan my mou en dui aan dat ons moet spore maak.

Net toe ons omdraai sê Tannie Liz met 'n betraande gesig, "Dankie julle, vir die beste Kersgeskenk ooit."

Presies 'n week later is ons eregaste op die grootste troue wat nog by die ouetehuis plaasgevind het.

---





---

"Difflock?" Wat's dit?

Ons hou toe mos onlangs in Mosambiek vakansie.

Die eerste week is ons by Praia de Barra naby Inhambane waarna ons 'n paar dae by Vilanculos wou deurbring, net om te kyk hoe lyk dit daar na die storms vroeër die jaar.

Die oord waar ons bespreek het in Vilanculos was 'n teleurstelling en ons besluit toe om vroeg-vroeg die volgende oggend die langpad huis toe aan te durf.

Ek noem "aan te durf" want die eerste stuk grondpad tot by die teerpad is 'n nagmerrie. Dit is sanderig en kronkel tussen gehuggies deur, van aanwysings is daar geen sprake nie.

In alle geval, net na vier die volgende oggend word ons wakker met die klank van reën op die dak. Ons kyk na mekaar, sal ons ry, of nie. Ons besluit niks gaan ons keer nie en begin pak, half vyf is ons reg om te vertrek. Ons swaargelaaide Nissan Hardlywige bakkie se ligte wys met moeite die in die reën aan, tog sukkel ons voort.

Ek moet noem dat ons maar meestal teerpaaie ry en as ons dit op grondpaaie waag is, sorg ons dat hulle oor die algemeen goed is. Van sandpad ry het ek geen ondervinding nie, en hier is ons op 'n sandpad, in die reën, in die donker, sonder aanwysings! Ek weet darem dat mens moet probeer momentum behou, as jy eers stilstaan is die kanse goed dat jy gaan vasval.

En daar gebeur dit toe! Toe ek by 'n vurk in die pad kom is ek nie seker of ek moet links of regs nie en ek hou stil. Groot fout! Daar sit ons! In die nag, in die reën!

Hulp kan ons nie kry nie, die paar gehuggies wat ons met moeite in die donker kan uitmaak is pikdonker, die mense slaap seker nog.

Ek besef dat ek die banddruk moet verminder en terwyl ek dit doen besluit Doreen om van die sand voor die agterwiele te begin uitgrawe, Daar is 'n graaf binne in die bakkie, maar onder al die vakansie goed toegepak, en lus vir uitpak is ons definitief nie. Die een band is gou papper, so met die oog geskat, en ek begin met die ander een. Doreen mompel iets oor haar naels wat daarmee heen is en ek bly maar stil om die vrede te bewaar. Met 'n vroumens met beskadigde naels sukkel jy nie!

Iets blink in die sand en Doreen tel 'n platgetrapte plastiekbottel op. Sommer dadelik voel sy beter, nou kan sy mos grawe! Die ander band is ook nou heelwat papper en ons besluit om te probeer.

Stadig maar seker sukkel die bakkie vorentoe en skielik kry die bande vasskoppplek en daar gaan ons – in stilte, dis beter so, die verrineweerde naels pla nog  en na dertig jaar van getroude lewe weet ek wanneer om stil te bly.

'n Halfuur later is ons by die teerpad en beide van ons slaak 'n sug van verligting!

"Het die bakkie dan nie difflock nie?" Vra sy skielik!

Dis eers baie kilometers verder wat sy weer met my praat!

Die platgetrapte plastiekbottel pryk op 'n ereplek in ons tuin!

---





---

Lekker by die see

My Europese oer-oupagrootjie en al sy manlike nasate, ek ook, is bysiende. Sonder my bril is ek so verlore, ek loop sommer in hangkaste vas. Maklik. Of ek loop by die verkeerde deur uit.

"Ek wil hierdie jaar see to gaan!" kamma kwaad loer my wederhelf oor die randjie van haar boek na my. "Ek het nou al genoeg van die wildtuin gehad, as jy een vuilbaard gesien het, het jy almal gesien"

"Ag toe seblief, pa!" beaam ons sestienjarige meisiekind , "ons was dan so lanklaas see toe?"

Ek hou my aspris doof, verdiep in die tydskrif wat ek nou intens bestudeer. Hierdie onderwerp word gereeld opgehaal en net so gereeld probeer ek hulle oortuig om maar liewer wildtuin toe te gaan. Iets vertel my dat ek nie die keer gaan slaag nie.

"Dis twee teen een!" laat weet my dogter triomfantlik " Yayyy, ons gaan see toe! Kan ons Margate toe gaan seblief, pa?"

Met 'n swaar sug stem ek teësinnig in. Nou wonder julle natuurlik wat ek teen die see het? Ek praat nie maklik daaroor nie, maar laat ek vertel wat laaskeer gebeur het...

As ons by die see met vakansie is, en ons gaan vir die dag strand toe, is daar sekere prosedures wat gevolg MOET word anders bly ek doodeenvoudig by die hotel of woonstel.

Stel jou die prentjie voor, ek eerste in die ry met die sambrele en koelboks. Dan volg vroulief met die handdoeke en die opgerolde rietmatjies wat ons drie vakansies gelede in Durban gekoop het. Heel agter kom meisiekind aangedrentel, sy is te goed om iets te dra.

Op die strand aangekom, kyk ek eers die storie mooi uit, soek die lewensredders se vlae wat die swemgebied aandui. Dan stap ons na die linkerkantste vlagtoring en begin nesskop, heel voor, naaste aan die water. Eers die rietmatjies, dan die sambrele en dan die handdoeke bo op die rietmatjies. Ek maak seker dat die helder geel sambreel sigbaar is van die see se kant af. Dan stap ek af na die vlakwater toe, draai om en begin die omgewing memoriseer. Eers maak ek seker dat die geel sambreel sigbaar is. Dan neem ek 'n merker van die sambreel af na die toppunt van die lewensredders se gebou doer agter, nou voel ek al heel beter.

Die rede vir hierdie prosedure is dat wanneer ek gaan swem, ek my bril moet afhaal en op een of ander manier moet ek weer ons sambreel kan opspoor. Net normaalweg kyk help ook nie, ek moet my oë op skrefies trek soos wafferse Oosterling en dan kan ek so effens beter sien, net genoeg om die helder geel sambreel reg agter die lewensredders se regterkantste (van die see se kant af) te kan sien.

Ek lê nog so lekker na al die mooi lywe en kyk toe skree meisiekind skielik, "Laaste in die water is 'n vrot pampoen!" en daar trek die twee.

Stadig en versigtig haal ek my bril af en plaas dit op 'n veilige plek. Dan begin ek afstap water toe, dis darem geen probleem nie, mens kan nie juis die Indiese oseaan misloop nie! Ek stap heupdiep die water in en maak of ek myself geniet. Ek hoop maar daar is nie bekendes nie want hulle sal wonder hoekom ek nie groet nie, almal se gesigte is onherkenbaar dof, geen manier om iemand uit te ken nie. Nou wag ek maar dat Doreen hulle na my toe kom want hulle sal ek nooit kry nie.

'n Rukkie later sluit hulle by my aan en ons speel lekker in die golwe. Doreen skree iets vir my maar voordat sy haar sin kan voltooi tref 'n golf my reg van voor en slaan my onderstebo. Toe ek regop kom is Doreen hulle skoonveld weg. Ek soek vreesbevange rond tussen al die mense maar kan hulle nie raaksien nie. Toe tref dit my, sy het my seker laat weet dat hulle nou genoeg gehad het en dat hulle vir 'n wyle in die son gaan lê. Ek is sommer boos, hoe kan hulle my hier alleen agterlaat terwyl hulle weet dat ek en daardie mol in ons tuin amper ewe blind is?

Ek voel soos 'n uitgeworpene op 'n verlate eiland, my moed sak tot in my skoene, in alle geval, reg deur my tone tot in die seesand. Ek troos myself dat daar geen rede vir paniek is nie, ek het mos al die nodige voorsorgmaatreëls getref om op my eie stoom ons plek in die sand te kan bereik.

Ek draai om en begin strand se kant toe stap. Ek trek my oë op skrefies en probeer die helder geel sambreel te sien, maar maak nie saak hoe skrefie ek my oë trek nie, ek sien geen sambreel nie!

Nou begin ek soek na die regterkantste toring met die lewensredders se vlaggie op. Ek sien die toring maar tot my ontsteltenis is die lewensredders se gebou nie in lyn met die toring nie. Dinge begin nou sleg lyk, al my fynbeplande voorsorgmaatreëls werk nie uit nie en paniek begin nou intree. As ek nie reeds nat was nie sou daar sweetdruppels op my voorkop verskyn het. Ek besef skielik dat terwyl ons in die water was moes die lewensredders hulle torings verskuif het, so my bakens is nou in hulle maai.

Ook het daar intussen nog 'n paar honderd gesinne kom nesskrop in die sand en ons is nie meer heelvoor nie, nou is daar geen manier wat ek ons plek sal kan kry nie! Ek besef dat ek nie heeltyd hier met skrefiesoë sal kan staan nie, mense sal wonder wat met my aangaan. Ek buk dus af en maak of ek iets interessants in die sand sien en krap vir 'n rukkie daar rond terwyl ek teen hoogste versnelling aan 'n oplossing vir my penarie dink! Mens kan ook net so lank in die sand soek na niks en ek besluit dat die beste

opsie terug water toe is.

Ek besef dat die vroumense nie tot my redding kom nie, in alle geval nie binne die volgende uur nie, teen die tyd lê hulle heerlik in die son en brand.

Vir die volgende uur en 'n half maak ek toe maar of ek my gate uit geniet soos al die ander vakansiegangers om my.

Net toe ek soos 'n blou pruim begin lyk hoor ek 'n welkome stem: "Pa, mamma roep, kom ons gaan eet iets!"

Ek soen haar amper van blydskap, redding is hier!

Terwyl ons so hand aand hand uitstap skree sy skielik:" Kyk pa, 'n golf het daardie tannie se bikini top afgeslaan!!"

Sowaar, ek huil sommer! Partykeer verwens ek darem daardie blindemol voorsate van my.

---





Ek sal mooi kyk, Pa.

My ma se voorliefde vir 'n spesifieke lied van Neil Diamond was vir my opvallend en dit het my altyd verstom. Veral as ek sien hoe sy die trane probeer wegsteek telkens as sy dit hoor. Die lirieke gaan oor 'n ou man wat alleen sonder kinders sterf, maar 'n geskenk nalaat:

*Morningside, the old man died*
*And no one cried*
*They simply turned away*
*And when he died*
*He left a table made of nails and pride*
*And with his hands he carved these words inside:*
*For my children*

My ma se sterk emosies oor die lied het my diep geraak, maar ek het nie geweet hoekom nie. Dit sou ek eers veel later uitvind...

My storie begin toe ek op vierjarige ouderdom 'n stiefpa kry: 'n lang, lenige, saggeaarde "oom" met sielvolle oë. Hy het vinnig "pa" geword en ek en hy het goed oor die weg gekom . Hy het nooit veel emosie gewys nie, sy emosie was in sy oë. Daar kon jy agterkom of hy onder andere opgewek of treurig was. Ek kan nie onthou dat ek hom ooit kwaad gesien het nie. Dis die besonderse mens wat hy was.

Ek kon nooit verstaan hoekom my ma sy van aangeneem het, maar aangedring het dat ek my van behou nie. Dit was nie vir my reg nie. Dis dalk die rede hoekom dit soms vir my gevoel het iets skort so 'n bietjie met ons pa-seun-verhouding. Dié ding met die van wat dan nou anders was.

Hy het goed vir ons gesorg. Een keer per jaar het hy vir my en my ma vir twee weke Margate toe gestuur vir 'n sorgelose alsbetaalde vakansie. Hy self het nooit vakansie gehou nie; was te besig om dag in en dag uit

sy winkel aan die gang te hou.

Sy passie was sy houtwerk. In sy kamertjie, in die agterplaas. Hy het die mooiste goed gemaak: leeslampe, staanlampe, tafeltjies, kombuisornamente. Vra maar en hy kon dit maak. 'n Mens kon ook die liefde waarmee hy elke item spesiaal vir jou gemaak en met trots oorhandig het, duidelik aanvoel.

Dis om en by die tyd dat my ma my vertel het hoekom die liedjie *Morningside* haar so bewoë maak. Dit het haar aan my pa herinner. Net soos in die liedjie, maak hy hierdie mooi goed, en net soos in die liedjie het hy niemand om dit aan na te laat nie. Hy het geen kinders van sy eie nie en ek is mos sy stiefkind. Min het ek geweet…

Ek was veertien toe ons een nag kennis kry dat die winkel besig was om af te brand. Teen dagbreek het my pa tuisgekom en nie veel gepraat nie, maar, aan die verslae uitdrukking in sy oë, kon ons sien dat alles tot niet was. Die versekering het verval en Pa, toe al in sy vyftigs, moes van vooraf begin. Die verskaffers was hom goedgesind en vasberade het hy weer die besigheid op die been gebring, die keer op 'n baie kleiner skaal.

Elke middag na hy tuisgekom het, is hy na sy werkskamer waar hy ontvlugting gesoek het en wonderlike houtwerk opgetower het.

Na skool het ek my ouerhuis verlaat en die lewe het sy gang gegaan. Ek het maar selde gaan kuier. Soms het selfs maande verby gegaan. Maar elke keer, na 'n besoek, is ek met 'n stukkie unieke houtwerk van hom daar weg; 'n lamp, 'n tafel of iets besonders vir die huis.

My ma is 'n paar jaar later oorlede en ek is intussen getroud. My pa het baie lief geraak vir ons dogtertjie. Sommer gou het hy vir haar die pragtigste handgemaakte popmeubels opgetower.

Hy was al diep in sy tagtigs toe 'n niggie hom oorreed om by hulle te gaan woon. Ek was die dag daar toe hy sy meubels, wat hy nie kon saamneem nie, verkoop het. 'n Boer van die omgewing het sy geliefde houtwerkmasjiene kom oplaai en ek het 'n treurige uitdrukking in sy oë gesien asof hy besef het dat daar nou 'n einde aan sy passie gekom het. Sy skouers het vir my sommer ewe skielik baie meer geboë gelyk, daardie dag.

Ons het probeer om so dikwels moontlik te gaan kuier. Hy het nou meestal maar gesit en lees om die dae om te kry. Tog het sy oë dadelik liefdevol geglinster elke keer as hy ons sien.

'n Jaar later kry ons tyding van 'n beroerte-aanval. Sy voltydse tuiste was nou die siekeboeg van 'n ouetehuis. Toe ons weer gaan kuier, is hy in 'n rystoel en net een kant van sy gesig praat met ons. Met ons vertrek het daardie emosievolle oë het ons stil agterna gekyk.

Toe kom die tyding van die tweede beroerte. Hierdie keer was hy in die hoësorg afdeling en permanent bedlêend. Geskok het ons na die eens lang man gekyk waar hy klein en in 'n patetiese bondeltjie onder die komberse gelê het. Hy kon nie praat nie. Ek het stil by hom gaan sit en sy hand vasgehou.

Toe dit tyd was om te vertrek het ek sy hand 'n drukkie gegee en net gesê: "Dankie, Pa, dankie vir alles wat Pa vir my gedoen het."

Hy het my hand saggies terug gedruk en sy oë het warm en opreg na my gekyk. Sy liefde was voelbaar en ek het gesukkel om my emosie vir hom te verberg. 'n Traan het oor sy wang gerol en op die kussing geval.

Skielik het ek geweet wat hy probeer sê. Ek het in sy oë gelees dat hy my van die eerste dag af as sy eie seun beskou het! Ek het gewens my ma was daar om die liefde en emosie in sy oë te sien toe hy my probeer laat verstaan dat hy graag al sy houtwerkgoed aan my nalaat.

Toe ons terugry was my hart baie seer, maar ook vol onverklaarde emosies. Emosies wat 'n seun vir sy eie pa voel. En ek, ek het 'n eie pa gehad!


Ek het geweet dat ek hom nie weer lewend sou sien nie. Dit was ook so. Ons was net vier mense by sy verassingsdiens wat in die eetkamer van die ouetehuis plaasgevind het.

Die woorde van die liedjie *Morningside* het weer by my opgekom:

*Morningside, the old man died*
*And no one cried*
*They simply turned away*

By die huis aangekom, het ek van vertrek na vertrek gestap en al die goed wat hy oor die jare gemaak het, met deernis aangeraak.

"Dankie, Pa, ek sal mooi na jou goed kyk, Pa"





Ekke vlieg? Nooit gesien nie!

Ekke vlieg? Nooit gesien nie. Ek sê nog altyd, as mens bedoel was om te vlieg, sou hy vlerkies gehad het. Ek is doodgelukkig met my twee voete op moeder aarde, dankie.

Ons het al baie daaraan gedink om oorsee te gaan vakansie hou, maar dan moet dit 'n land wees wat per skip bereik kan word. My vrou sal vlieg en ek sal rustig agterna vaar .

Alles het egter verander toe ons verlede jaar besluit het om te gaan kyk hoe lyk die Victoria Valle in Zimbabwe. Sommer so deur Botswana gereis. Ons is nog 'n hele ent van die dorpie Victoria Falls af toe sien ons al die wit miswolke wat hoog die lug in maal. Ons was daar!

Ons doen gewoonlik ons huiswerk voordat ons met vakansie vertrek en die fotos wat ek in tydskrifte van die valle gesien het, het behoorlik my tong laat uithang. Ek is mal oor fotografie en ek was van plan om die valle van alle kante af te neem, behalwe van bo af, natuurlik, want hoe sal ek tog daar bo kom? Ek vlieg mos nie, en buitendien, die goedjies waarmee hulle oor die valle vlieg lyk meer na valskerms as vliegtuie.

Ons stap by die valle rond en ek neem af vir die vale. Tog is daar iets wat pla; ek het nou wel al die honderde foto's, maar nie van bo af nie. Het ek nou so wraggies al die pad gery en nie die valle van bo af afgeneem nie?

My vrou staar my oopmond aan. "Jy gaan WAT doen?"

"Ek gaan die valle van bo af afneem, kom wat wil!" My vrou staar my net ongelowig aan:

"Jy wil nie met 'n veilige passasiersvliegtuig vlieg nie maar jy wil in een van daardie goed jou lewe gaan waag?" en sy wys na 'n vlerk met 'n grassnyermotor wat juis toé oor ons vlieg.

Maar ek het besluit, 'n goeie foto is die waagstuk werd en ek bel sommer dadelik om die nodige reëlings te tref vir die volgende oggend. Liewer so gou moontlik voor my moed my begewe.

Vroeg die volgende oggend stop die bussie voor die hotel. Daar is drie Zimbabwiërs in. Vol brawade stap ek nader en stel myself voor. Die vliegveld is so vyf kilometer buite die dorp. Kameratas oor my skouer klim ek in die bussie en ons is op pad. Bekendstellings volg, en die een ou, Martin, sê hy is die loods. Dit is glad nie hoe ek my 'n loods voorgestel het nie en ek skuif senuagtig op die sitplek rond.

"Vlieg jy al lank?" vra ek in 'n onskuldige stem.

"Nee" antwoord hy, "Vandag is my eerste keer!" Ek loer na die spoedmeter van die bussie, hy ry veels te vinnig vir my om uit te spring, ek sug... Ek is gedoem!

Die vliegveld is verlate, wel amper verlate. Daar eenkant staan iets wat soos een van daardie radiobeheerde vliegtuigies lyk, net so effens groter.

"Gaan ons in daardie ding vlieg?" Nou is ek regtig benoud, dalk moet ek my geld terugvra, dis nog nie te laat nie.

Een van die ouens in die bussie begin met alle mag die skroef poleer asof hy vir 'n blink- skroefkompetisie wil inskryf. In die stilligheid dink ek dat hy nie so hard moet vryf nie, nou-nou breek die ding. Ek stap om die vliegtuig. Om dit 'n vliegtuig te noem is eintlik 'n belediging vir die benaming vliegtuig. Al ooreenkoms is dat dit 'n vlerkie het en 'n skroef vooraan. Ek soek waar die rubberband wat die skroef draai vas is, maar sien niks. Daar is twee sitplekke en agter die sitplekke is die motor - darem effens groter as 'n grassnyer motor, dankie tog!

Voor die loods se sitplek is die instrumentpaneel. Bo aan die paneel is 'n heel basiese model GPS met maskeerband vasgeplak.

"En die?" vra ek die loods met bewende stem.

"Dis sodat ek die valle kan kry" laat hy weet.

"Hellooooo, ek sien dan die valle van hier af!" sê ek en wys na waar die wit mispluim opskiet na die hemel so 5 kilometer na die dorp se kant toe.

Na 'n halfuur staan ons nog daar en wag.

"Wat is die oponthoud?" wil ek weet.

"Die wind waai effens te sterk. Kom ons wag nog 'n rukkie." kom dit van Martin af. Ek kan die ou briesie skaars voel!

Ek is teen die tyd by breekpunt. Ek wonder of ek die kamera stil genoeg sal kan hou om fotos te kan neem. Uiteindelik is dit sulke tyd en ek klim in die ding in. Ek word vasgemaak soos 'n waardevolle Kersgeskenk. As ons vandag val, gaan ek saam met hom, geen manier kom ek hier los nie.

Oorfone op my kop en kameratas op my skoot wag ek vir die onvermydelike. Met 'n hewige geskud vat die motor en stofwolke waai na agter, ons beweeg!

Die affere stamp stamp met die landingstrook af en ewe skielik stamp ons nie meer nie. Ons vlieg! Ons vlieg! Dis lawaai en dis wind, maar ons is in die lug, stadig draai Martin die neus in die rigting van die valle. Ek haal die kamera uit die tas en doen die nodige verstellings, net reg om te begin afneem.

Skielik is ons daar.  Dis so asemrowend mooi dat ek amper vergeet om af te neem maar dan spring ek aan die werk en skiet soos nog nooit tevore nie. Ek beduie dat hy uit 'n ander rigting oor die valle moet vlieg sodat ek uit alle hoeke kan afneem. Ek kiek en kiek na hartelus. Dan is dit verby en ons vlieg terug vliegveld toe.

Skeef skeef, as gevolg van die wind wat nou weer begin waai het nader ons die landingstrook maar die landing is gelukkig seepglad.

Op wankelende bene klim ek uit, verheug om weer op vaste aarde te wees.

"Ek het gevlieg!" skreeu ek uitbundig en ek kan nie wag om na die fotos te gaan kyk nie. Ek skud Martin se hand asof ek dit wil afbreek en hy glimlag met wit tande. Ek stop 'n groot fooitjie in sy hand.

"Einlik moet ek bieg" laat Martin weet, "dis nie my eerste solovlug vanoggend nie; ek doen dit al vir die afgelope vyf jaar!"

Nou vertel hy my!





---

<u>Haarsny</u>

Soos die Engelse sê, never a dull moment!

Hier by ons is iets altyd aan die gebeur, laat ek van die nuutste episode vertel.

Ons besluit toe mos om geld te bespaar en dat ons my hare sommer tuis sal sny.

Ons soek toe spesiaal na 'n nommer 8 kam om aan die knipper te sit. Die knipper kom met kamme van 1 tot 5, maar ek soek en kry toe 'n nommer 8 want die nommer 5 is darem te kort!

Die tuishaarsny storie loop toe heel goed, tot vanoggend!

Ek het twee haarskeerders, een is een se lemme is effens stomper as die ander en ons begin met die stomper een, sit die nommer 8 kam aan en daar gaan ons, vroulief Doreen is die knipper operateur.

Na 'n rukkie kom ons agter dat die knipper darem nou te stomp is en ek stel voor dat sy die ander een begin gebruik, wat sy ook doen.

"Die ding sny happe!" laat sy verontwaardig weet.

"Gee hier dat ek sien" kap ek boos terug en ontplof amper toe ek sien wat sy gedoen het. Sy het nie gedink nie (wat's nuut!) en vergeet om die nommer 8 op die knipper te sit.

Nou sit ek daar met mooi netjiese nommer 8 met 'n 8cm by 2cm streep van -1 lengte. Lyk skoon of ek 'n breinoperasie gehad het.

Die hond laat spaander by die deur uit, weet nou nie mooi of ek vir haar kwaad is of wat verkeerd is nie. Nog nooit sulke taal gehoor nie.

Nou wat nou, bring die nommer 5, sê ek vir Doreen, en sy laat waai met die nommer 5. Die breinoperasie is nog sigbaar toe kom nommer 3 aan die beurt. Die gesig wat vir my terugstaar as ek in die spieël kyk begin al hoe vreemder lyk.

Die nommer twee werk ook nie, nou is daar net een genade oor, die nommer 1!!!

Hier is ekke nou, op die koudste dag van die jaar met my nommer 1 haarsny!

Dit sal 'n rukkie wees voordat ek vir Doreen heeltemal vergewe het!

Die predikant, van alle mense, kom maak 'n draai.

Sy kommentaar? "Lyk my jou vrou het jou hare probeer sny sonder om 'n kammetjie in die knipper te sit!"

Die mussie wat ek op het is darem lekker warm!





---

Geloftedag – 16 Desember 2007 - Bloedrivier

Die gevoel van opgewondenheid het al begin toe ons op die grondpad na die Bloedrivier-terrein afdraai

By die terrein aangekom het die hoeveelheid mense daar my opgeval. Dit was 'n feestelike stemming met vlae van die verkillende Boere-republieke wat oral gewapper het. Mense het al vir die vorige paar dae in die "laer" kampeer. Daar was "kenmekaar" geleentheid, boodskappe is uitgesaai, aand-kampvure met volksang, klei-os maak, jukskei en ander aktiwiteite om die mense besig te hou. Die kampkommandant se ten was omring deur tien vlae van die Boererepublieke.

Ons was net betyds vir die verrigtinge wat om 9 uur in de laer sou begin. Die hoogtepunt sou die herbevestiging deur die teenwoordiges van die Gelofte wees.

Toe ek die laer binnestap is dit asof ek deur 'n onsigbare poort loop en 169 jaar in die verlede geplaas word.

In my geestesoog beleef ek daardie Sondag van die Slag van Bloedrivier. Ek hoor die geskree van die stormende Zoeloe impi's en die geweervuur van die Boere. Ek sien die digte rook van die kruitdampe, die diere wat verbouereerd rondmaal en ek hoor weer die aanhoudende , aanhoudende geweervuur. Skielik is ek weer terug in die hede en ek voel die hare op my arms regop staan.

Plekke is ingeneem op kampstoele of sommer so op die grond. Net na 9 het die perdekommando die laer binnegekom, die voorste tien ruiters elkeen met 'n Boererepublieks- of Voortrekkervlag. Soos elke vlag in 'n halfsirkel geplant is, is die herkoms van die vlag verduidelik.

Dan word daar uit volle bors gesing en na 'n kort toespraak en gebed, vind die hoogtepunt van die dag plaas. Almal teenwoordig herbevestig hardop die Gelofte, 'n paar honderd Christen Afrikaners verenig in hulle opregtheid.

Die verrigtinge in die laer word afgesluit met die sing van al vier verse van die Stem. Ai, hoe wonderlik is dit nie om weereens die Stem te sing soos dit moet gesing word, in Afrikaans!

Ons beweeg daarna almal na die saal toe vir die Geloftediens.

Gedurende voorsang sing 'n nuwe sangeressie, Coreen, 'n liedjie oor Bloedrivier wat spesiaal vir die geloftefees geskryf is, 'n toekomstige treffer as daar ooit een was!

Dan sing almal Psalm 146 en die diens se teks kom uit Lukas 11.

Ter afsluiting sing almal die Onse Vader.

Na 'n kort pouse volg 'n historiese voordrag en daarna is dit piekniektyd en gesellig saam verkeer.

So loop 'n baie spesiale dag ten einde en in stilte pak ons die lang pad huistoe aan. Die gebeure van die dag nog te vars in die geheue vir vir onbelangrike praatjies.

Dag van versoening? Ek is oortuig nie een van die mense daar het aan versoening gedink nie, dit was Geloftedag, en die herbevestiging daarvan het alles daar oorheers.

---





---

Situasie in Harrods

Seker een van die bekendste winkels in die wêreld en ook een van die plekke wat mens net moet besoek as jy ooit in Londen is, is die beroemde winkel, Harrods.

Alles omtrent Harrods is in die oortreffende trap.die aantal mense wat jou verdring, die pryse en ook die reeks goedere wat beskikbaar is. As jy by een van die deure inbeur besef jy dat hierdie winkel iets besonders is. Ek het nogal gewonder wat sou gebeur as ek een van die gesoet en getaaide assistente vra wat hulle goedkoopste item was, dalk sou ek dit kon bekostig.

So gebeur dit toe dat ons laat een yskoue Saterdagmiddag die winkel trotseer, ons en sekerlik duisende ander mense, Ons monde hang oop in verwondering. Die sjokoladeafdeling alleen is so groot soos een van ons supermarkte. Die hoeveelheid kase in die kaasafdeling is ongelooflik. Die pryse van die klere in die klere-afdeling het teveel nulle aan. Daar is soveel mense dat die beste manier om te beweeg is in treintjie-gelid, die grootste persoon voor om 'n weg te probeer baan en die res agterhom of haar aan. So loop ons treintjie deur die skares van een afdeling na die ander.

Vriende van ons het gevra dat ons 'n Harrods Kersfeesteddiebeer vir hulle moet koop. Elke jaar het hulle 'n unieke beer met die naam Harrods asook die datum op pote van die beer. Die speelgoedafdeling beslaan die hele vierde verdieping. Dis enige kind se droom en enige ouer se nagmerrie. Kinders loop oopmond daar rond, tog te oulik.Daar is letterlik duisende bere in die teddiebeeerafdeling. Die spesiale bere is op aparte rakke uitgestal. Hierdie jaar se beer se naam is Oscar en hy het 'n oulike rooi en wit trui aan met bypassende handskoene. Een beer kos 25 pond maar jy kan nog een vir halfprys kry, ons vat toe maar twee. Ons het besluit om nie Engelse pryse om te skakel na rand toe nie, dan sou ons niks gekoop het nie. Elke beer is om en by 30 sentimeter hoog en na ons betaal het plaas ons albei in 'n groot groen Harrods drasak en daar treintjie ons weer weer in 'n poging om by een van die deure te kom.

Ons beur deur die mensemassa, ek laaste in die treintjie met die groot Harrods drasak met die bere in. Die sekuriteitswag by die deur is groot en swart, ek onthou dat ek gewonder het of hy in sy vrye tyd dalk 'n stoeier is. Die treintjie sukkel die deur uit en ek word effens afgesny. Toe ek by die sekuriteitskandeerder kom trap iemand op 'n maervark se stert en die ding gaan aan die skree. Ek verstyf, was dit dan ek wat die vark laat skree het? Waar ek 'n paar sekondes gelede een van honderde was wat oppad uit was, is ek ewe skielik stoksielalleen. Daar is 'n vyf meter spasie rondom my en ek voel hoe 'n honderd paar oë na my staar. Die deurwag is op hierdie stadium nog vriendelik.

"Please step over here, sir!" en ek staan eenkant toe.

Hy beduie dat ek weer moet deurloop, en daar skree die maervark weer.

"Please hand me your parcel, sir" en ek oorhandig die sak met die bere. gelukkig het ek die verkoopstrokie ook in die pakkie gesit en ek haal dit uit en wys dit vir hom. Ek waai dit ook sommer triomfantelik in die lug rond sodat al die nuuskieriges moet sien dat ek nie die bere gesteel het nie.

Die wag trek die een beer voor die sensor. Tjoepstil.

Hy trek die ander beer voor die sensor. Tjoepstil.

Hy beduie dat ek weer moet deurloop, die maervark skree soos 'n besetene.

Ek hoor die wag praat oor st tweerigtingradio; " Secrurity, send assistance to door 4, we have a situation"

Ek raak nou bekommerd, ek is nou nie meer 'n onskuldige kliënt nie, ek is nou al 'n "situation".

Die nuuskieriges begin nou weer nader staan. Dis nie aldag dat 'n winkeldief in Harrods gevang word nie, dis amper so erg as om een van die koningin se teelepels in Buckingham Paleis vas te lê. My verbeelding gaan nou op hol met my en ek wonder of die gevangenes in hulle tronke koue hawermout gevoer word aangesien hulle sekerlik nie mieliepap in Engeland het nie.

Ek en die wag staar mekaar aan. "Please remove your jacket'. Die feit dat ek nie meer ge-"sir" word nie val my dadelik op. My aansien het nou verskuif van gewaardeerde klant na potensiële dief.

"Please empty your pockets" Darem “please” hy nog. Probleem nommer een. Die baadjie wat ek aanhet is een van daardie met baie sakke. En ek bedoel baie sakke, daar is sakke wat sakke op het. Dan het vroulief ook besluit om 'n plakboek van ons vakansie saam te stel sodra ons weer tuiskom en elke kwitansie, kontantstrokie, toegangskaarjie en ou foonkaart is in die sakke ingeprop.

Ek begin die sakke eeen vir een leegmaak, die hopie op die wag se tafel word groter en die nuuskieriges staan nader.

Die wag beduie dat ek weer moet deurloop, die keer sonder die baadjie.

Die maervaark is tjoepstil.

Ons almal staar nou na die baadjie, ek wens ek het nooit die ding gekoop nie.

Die wag tel die baadjie met sy wysvinger en duim op en vee dit voor die skandeerder, die blerrie maervark skree sowaar weer.

Ek word yskoud, kouer as wat dit buite is. Sê nou net ek het na iets gekyk en dit sonder om te dink in by baadie gesit, ek proe al klaar daardie koue hawermout.

Die aantal nuuskieriges het nou aangegroei, hier is sekerlik iets wat hulle vanaand kan oorvertel, dalk haal dit nog TV nuus.

Die wag begin nou die baadjie behoorlik deursoek, versterkings het ook opgedaag. Ek let op dat een van hulle tussen my en die deur staan, net ingeval ek besluit om 'n breek te maak.

"Aha!" en hy hou die baadjie triomfantelik in die lug vir almal om te aanskou. "And what's this?" en hy wys na iets wat lyk soos 'n swart knoop wat aan die agterste soom vasgewerk is.

"It's a security tag" beantwoord hy sy eie vraag, "and it is not ours"

Ek slaak 'n sug van verligting, nou weet hy darem dat ek nie by hulle gesteel het nie. Maar ek kan sien dat hy dink dat die baadjie nogtans gesteel is, behendig verwyder hy die ding wat die oorsaak van al my probleme was. Ek besef nou dat die winkel in Alberton waar ek die baadjie gekoop het nooit die sekuriteitsverklikker verwyder het nie, die blikskottels!

Teleurgesteld gaan die toeskouers voort met wat hulle besig was en ek raap my goed en my baadjie en die sak met bere op en sluit by my mense op die sypaadjie aaan waar hulle nou al ongeduldig wag.

"Waar was jy al die tyd?" vra hulle half boos vir my.

"Jammer dat ek julle vertraag het" antwoord ek, "ek het net met die sekuriteitswag gesels"





---

<u>"Sien jy, ek het jou gesê"</u>

Toe ek so 'n paar jaar met kierieverlof gegaan het, was een van ek en vroulief se voornemens om soveel moontlik van ons mooi land te sien. Dit het natuurlik beteken dat ons noodwendig baie sou moes rondry en met die prys van brandstof, kon dit 'n duur speletjie word. Hotelle is veels te duur en selfs selfsorgoorde is al amper buite bereik van pensionarisse.

Ons sou dus op een of ander manier moes probeer om onkoste te besnoei en net daar besluit ons om 'n tent aan te skaf en dit op die goedkoop manier te doen. Of altans so het ons gedink.

Ons het alreeds 'n bakkie gehad, so ons sou al die kampeergereedskap agterop kon laai, geen probleem.

Die verkoopsman by die winkel wys vir ons een van die nuutste tente op die mark, een persoon kan dit glo in vyf minute opslaan. Die prys het my egter skoon die bewerasie gegee.

Ons skaf toe 'n meer tradisionele tent aan, een van daardie koepeltente met 'n aanhegstuk wat 'n tweede vertrek maak. Ons sou slaap in die koepel gedeelte en die ander deel sou as kombuis dien. Hoe moeilik kan dit dan wees om 'n tent op te slaan?

Die koop van die tent blyk toe net 'n klein deel van ons aanvanklike onkoste te wees. Ons besef toe dat as ons die kampeergoed eenkeer het, sal daar nie verdere onkoste in die verband wees nie. Ek het nooit geweet soveel goed kan binne in 'n tent pas nie, veral nie toe vroulief eers begin dink wat ons alles sou benodig om gemaklik te kon kampeer nie.

'n Hele paar duisend Rand later het ons 'n vrieskas, koelkas, opvou klerekaste, opvou tafels, opvou stoele, opvou wasbak, opvou kampbedjies en opvou groenterak. Ook maar goed dat alles kan opvou, anders sou dit nooit ingepas het nie.

Ons kon skaars wag om te begin pak vir on eerste uitstappie. Nogal Skukuza toe, ons gaan wild leef in die wildtuin!

Ek was van plan om die bakkie so te pak dat ek nog na agter kon kyk deur my truspieeltjie binne in die bakkie. Groot was my ontnugtering toe ek vensterhoogte kom en helfte van die goed nog nie gepak is nie. Ek pak toe maar tot teen die dak van die kappie en berus dat ek nog die twee kantspieeltjies het om na agter te kon sien.

Een ding het ek op die uitstappie geleer, 'n mens se verhouding met jou wederhelf moet baie sterk wees om 'n tent oplslaan en afslaan te oorleef. Ek is oortuig dat so 'n gekampeerdery meer huwelike laat verbrokkel as enigiets anders. Moet tog nooit verwag dat dinge seepglad gaan verloop op die eerste uitstappie nie, selfs nie op die tiende uitstappie nie, dit kom eers veel later, na baie opslane en afslane.

Dit het begin toe ons by ons staanplek in Skukuza aankom. Die eerste fout wat ek gemaak het was om die tent heel eerste in te pak. Ek sweer ek sal dit nooit weer doen nie. Met alles uitgepak kon ons uiteindelik by die tent uitkom. Dit lyk nou al soos 'n moremark om die bakkie. Ek kon nie glo alles het ingepas nie.

Dis warm in Skukuza en die gevoel tussen ons word ook nou al warm.

'n Koepeltent is gewoonlik maklik om op te slaan. Ek sê gewoonlik, want ons doen dit in stilte, ek het mos die tent eerste ingepak. Nou praat ons vir 'n rukkie nie.

Na 'n gesukkel staan die koepel en die lug is effens suiwerder tussen ons.

Nou kom die kombuisgedeelte. Dié is veel moeiliker. Dit bestaan uit 'n raamwerk wat uit 'n aantal penne bestaan. Die penne lyk vir my almal dieselfde, maar my gesonde verstand sê vir my dat mens eers die boonste deel aanmekaar sit en dan die pote aansit. Party mense dink egter anders en ek besef ek moet nou baie diplomaties wees. Ook moet ek onder geen omstandighede lag of enige opmerking soos "Sien jy, ek het jou gesê" as sy haar fout agterkom nie.

'n Paar van die ander kampeerders het blykbaar besef dat ons groentjies was en staan die petalje op 'n afstand en gade slaan. Pleks dat hulle kom hand bysit.

Ek kan sien vroulief besef nou dat ek reg was en ek onderdruk 'n glimlag en help liewer om die dakgedeelte aanmekaar te sit. Van toe af gaan dit redelik maklik en sommer gou-gou staan ons tent tuiste.

Ek vou al die opgevoude kampgoed oop en ons het meubels ook. Nou kan ons ontspan en die kampeer begin geniet. 'n Koppie boeretroos en 'n lang anysbeskuit plaas ons albei sommer vinnig in 'n vakansiestemming.

Beide van ons hou van die natuur en ons geniet die kampeerdery. Ons maak vriende met ons mede kampeerders en lag lekker saam oor ons onbeholpenheid. Almal moet tog leer en ons leer vinnig.

'n Week later is dit weer sulke tyd.

Ek sou graag die ou wou ontmoet wat by die tentfabriek die tente in sakke sit. Ek is oortuig 'n tent is gemaak om net eenmaal in daardie sak te pas, en dit is in die fabriek.

In alle geval, ons trek die kombuisgedeelte van die raamwerk af en vou dit op. Natuurlik pas dit nie in die

sak nie, maar gladnie.

Net daar leer ek nog 'n les, twee mense kan nie gelyk een tent opvou nie. Die maklikste is as een die praatwerk doen en een die vouwerk, as dit nog nie werk nie, ruil om en die ander een praat. 'n Huwelik sal nie 'n gelykopvouery oorleef nie.

Die raamwerk is maklik, maar daar is absoluut geen manier wat dit saam met die tent, soos oorspronklik, in die sak sal pas nie.

Die koepeldeel slaan maklik af en word weer soos bogenoemde prosedure opgevou. Ons kom nou al mooi reg en al pas die tent nie in sy sak nie, kan ons al halfhartig skerts daaroor.

Toe is dit weer tyd om die bakkie te pak en dis al of ons nou meer goed het as waarmee ons hier aangeland het. Met die kappie weer tot teen die dak gepak is daar nog heelwat goed wat wag om gepak te word.

Geen genade, pak uit en begin van voor, die keer gee vroulief aanwysings oor wat waar moet kom. Dit was 'n bitter pil om te sluk toe alles inpas en sy selfvoldaan in die bakkie klim.

Sy kan haar sterre dank dat sy nie gelag het of "Sien jy, ek het jou gesê" kwytgeraak het nie.

Ja-nee, dis lekker om te kampeer. Pasop net vir die opslaan en afslaan, dit kan dinge net effe omvêrgooi!

Ek kan nie wag vir die dag wat iemand 'n tent gaan ontwerp wat met die druk van 'n knoppie oopspring en met die druk van 'n ander knoppie weer self opvou nie.





---

Ruk en pluk en inspuitings

Ek het mos nou al vir 'n hele rukkie 'n senuwee in my linkerbeen wat knyp. Was al tweemaal by die dokter, elke keer twee inspuitings en na 'n week is dit maar weer so.

Ek besluit dat meer drastiese stappe nodig is en maak 'n afspraak by 'n ruk en pluk dokter.

Daar aangekom wag ek 'n rukkie by ontvangs en toe kom haal 'n dametjie my. Dis toe die dokter, dinge lyk nou al hoe beter!

Ek stap agter haar aan na haar kantoor. Nou moet ek haar eers beskryf. Sy kan Jennifer Lopez se tweeling sussie wees. Lyf waaroor mens net kan droom. Selfde sexy agterstewe. Haar jeans is asof hulle aangeverf is, dan bedoel ek nie met 'n kwas nie, aan ge spraypaint.

Sy vra 'n klomp vrae en vra dat ek op die bank/bed moet gaan lê op my maag. Ek het 'n jean kortbroek aan en sy vra dat ek die lyfband moet losmaak sodat sy dit kan aftrek, ek doen dit gedwee.

Die koel huggie van die aircon laat my besef dat my onderbroek ook nou onder my boude is, daar lê ek

heeltemal weerloos. Daar is 'n gleuf voor my gesig sodat ek darem kan asemhaal.

Sy laat my weet dat sy acupuncture gaan doen, dis amper pynloos soos sy die naalde in my boude indruk. Sy verduidelik dat dit is om die spiere te verslap en dalk die senuwee wat knyp kan losmaak. Ek dink by myself dat dit dalk 'n uitstekende plan is as ons op die trant gaan voortgaan.

Ek verbeel my ek moet soos 'n krimpvarkie (of twee krimpvarkies) lyk met al die penne so in my boude.

Na 'n rukkie trek sy die penne uit en daarna sit sy 'n icepack op

Na 'n rukkie deel sy mee mee dat sy 'n strip massage gaan doen. Gelukkig kyk ek ondertoe en sy kan nie sien hoe my oë rek nie! Is dit nou enige man se droom of wat. Strip massage deur JLo!!!

Dis toe net 'n boud massage, waar sy die naalde ingehad het. Smeer eers olietjies aan en toe begin sy. Sjoe, ek kan gewoond raak daaraan!

Veels te gou is die massage verby en nou kom 'n paar strek oefeninge. Nie sommer gewone oefeninge nie. My linkerbeen word opgelig so ver moontlik en dan oorgebuig na regs om die spiere soveel moontlik te rek. Maar sy gebruik nie net haar hande nie, sommer die hele lyf help met die gebuigery, en o moer, daai aangesprayde jeans!!! Gelukkig het ek die naald treatment gehad, ek hoop dit werk nog.

In alle geval, nog 'n afspraak oot twee dae (ek kan nie wag nie) Intussen moet ek strek oefeninge doen en icepacks opsit.

Hoekom het ek nie lankal an alternatiewe behandeling gedink nie?

Ek moet net noem dat haar behandelings niks gehelp het nie, ek moes toe uiteindelik by die hospitaal veelvoudige inspuitings kry wat toe die gewensde uitwerking gehad het.

Dis vir my 'n genottige plesier om aan te kondig dat die knypsenuwee in my been nie meer knyp nie.

Ek het gister die heeltamal pynlose prosedure ondergaan (facet joint injections) en byna onmiddelik was ek pynloos, yaay. Sommer in die dagsaal van die Unie ingeboek en selfde dag weer huistoe. Weet nie wat dit alles vir die prosedure gaan kos nie, maar Bankmed sal betaal. Sover kos die knypsenuwee die mediese fonds R1000 vir konsultasies, R3000 vir die neuroloog, R6000 vir die MRI en nou nog gisterse prosedure ook. Ek hoor later dat di took om en by R12,000 was, sjoe!

Soos met alle ondervindings, hang daar 'n storie aan, hier is dit.

Om lang storie kort te maak, ewe skielik kry ek 'n knypsenuwee in my heup/been. Vreeslik pynlik as ek loop of staan, moet ook baie mooi lê as ek gaan slaap.

Gaan sien die ortopeed, na vele toetse word besluit dat ek Facet Joint Injections moet kry. Dis 'n spesiale masjien wat glo gelyktydig 'n hele klomp inspuitings in jou rug gee.

Dit was 'n baie ligte "sedation" en toe hulle klaar was, was ek omtrent ook by gewees. Word teruggestoot na die dagsaal toe waar Doreen sit en wag, alles honkiedorie.

Die suster laat my weet dat ek so oor 'n uur kan huistoe gaan, maar baie belangrik, ek moet eers water afslaan. Baie belangrik, sy laat my nie gaan voor ek eers toilet toe was nie, weird versoek dink ek, maar wie is ek om te stry.

Ek het natuurlik daardie blou hospitaaljurkie aan en die blou plestiek pêntie wat vir almal pas, wat natuurlik vir my veels te grrot is, mans verloor mos boude met ouderdom, hehehe. Ek dink die deel wat ons verloor gaan vroumense toe.

In alle geval, laat ek maar die suster gaan gelukkig maak, en ek staan op en stap toilet toe. Ek voel iets om

my knieë en sien dat dit die pentie is wat afgesak, het, snaaks dat ek nie bewus was daarvan nie? Ek trek dit op, en snaaks, ek voel nie my boude nie! Die inspuitings het soortvan die hele onderlyf lam gemaak, voel soos jou dooie lip as jy by die tandarts was. Nou weet ek waar "lam in die gat" vandaan kom

Trek dit op, maar hou by die middel vas sodat dit nie weer afsak nie.

By die toilet gekom, lig ek die jurkie op, en wil begin om my ding te doen. O moer, dink ek, wat het hulle met my aangevang, dalk per ongeluk afgesny, ek voel dan niks! Ek kom toe agter dat die lammigheid in die boude nie net tot agter beperk is nie.

Nou, die manne sal weet dat om te prober piepie as jy nie weet wat jy vas hou nie nogal weird kan wees. Ek begin lag, wat anders kon ek doen, Die ander pasiente in die saal het seker gewonder wat daar aangaan.

Ek kan voel wat ek vashou maar die happychappy kan nie voel dat hy vasgehou word nie. Ek mik toe mooi sover ek kon en laat waai. Ek voel niks gebeur nie, ek sien net, en ek hou aan giggel.

Uiteindelik hoop ek dat ek nou klaar is en stap trug saal toe, die suster gee my 'n groot smile. Ek smile skaapagtig trug, ek en sy deel nou 'n geheim.

Trug by die bed vertel ek vir Doreen en sy breek haar soos sy lag. "Ek hoop darem hy kry een of ander tyd sy lewe terug" laat sy weet.

Ek kan darem rapporteer dat die lewe terug is en dat alles weer normaal is. Absoluut geen pyn of ongemaak na die inspuitings nie.

BBP??? – Baie Belangrike Piepie"

Een nadeel, ek het nou nie meer 'n verskoning om nie met die skottelgoed te help nie!





